Eseg/Ezek 33:3-6

Sentinel

E-mail: kies_ciec@telkomsa.net Volume 10 No 1

Alpha Kursus: Is dit vir die Christen?

Logo: Erkenning aan Alphasa webwerf

Dit is heeltemal verstaanbaar dat wanneer ons iets wil doen om entoesiasme, erediensbywoning, meelewing en positiwiteit onder lidmate in kerke en gemeentes te wil aanblaas ons meegevoer kan word deur elke windjie van verandering en dalk na enigiets sal gryp wat blyk hierdie vermoë openbaar. Ons moet egter nooit uit die oog verloor dat Jesus self gesê het dat Hy sy kerk self bou nie, en dat dit die Heilige Gees is wat laat groei. (Verwys ook Eseg 36:23) Ons is slegs instrumente in die hande van die Allerhoogste wat geroep is om na die voorbeeld van die apostels die Evangelie aan mense moet bring. Dit is die Woord wat deurdring tot murg en been en mense aan die hart ruk wat hulle laat besef wie en wat hulle is sodat hulle na God keer vanwaar hulle redding kom. Dit is nie elke kursus wat, tenspyte van wonderlike berigte, hierdie vermoë besit nie. Alpha is juis één waaroor daar ernstig besin sal moet word. En dit terwyl ons hoor van Alpha se suksesse; mense wat bekeer, meelewing en toename in betrokkenheid in gemeentes, die toename in uitreikprogramme en die stimulering van verhoudinge tussen kerke sodat samewerking verbeter. Die feit dat predikante, selfs van die NGK, hierdie kursus ondersteun, aanbeveel en selfs aanbied maak dit nie noodwendig reg en aanvaarbaar nie. Die Here self het ons gewaarsku: "Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel. Maar wie tot die einde volhard, sal gered word." (Matt 24:12-13) Hierdie woorde is vandag dalk meer waar as toe want die Kerk word van alle kante af beïnvloed deur die sekulêre denke, pluralistiese kultuur en Oosters/New Age filosofieë. Ons moet nugter bly en nie iets om pragmatiese redes besluit of doen en in die proses teen die Skrif of ons gesonde verstand optree nie. Hoe evangelisasie bestuur word is van uiterste belang. Deur Bybelse beginsels oorboord te gooi sal tot allerhande ellendes vir die Kerk lei. Dit is juis om hierdie en ander redes dat ons die Alpha-kursus en sy aansprake aan indringende ondersoek moet onderwerp.

1. Inleiding & Ontstaan:

Hierdie baie populêre kursus het sy ontstaan by Nicky Gumbel, leraar van die Holy Trinity Brompton kerk in Londen. Dit is ook dié kerk waar die Toronto manifestasies die eerste keer in Engeland waargeneem was. Dit behoort redelik bekend te wees dat mense tydens Toronto op die grond neerslaan, rondkruip en allerhande dieregeluide uiter. Mense getuig van hitte wat in hande, bene en selfs die hele liggaam gevoel word. Sommiges getuig van iets soos 'n elektriese stroom wat hulle ervaar. Dieselfde ervarings word tydens die Heilige Gees weg-naweek van die Alpha-kursus ervaar. "Holy Trinity Brompton has been unapologetic in its support for the 'Toronto Blessing'. Many of its supporters and participating churches in *Alpha* are likewise sympathetic to this 'latest move of the Spirit'."[1] As daar dalk enige twyfel is dan klaar Gumbel self dit vir ons uit: "I believe it is no coincidence that the present movement of the Holy Spirit [Toronto Blessing] has come at the same time as the explosion of the Alpha Courses. I think the two go

Continued on page 4

Sentinel is die lyfblad van ***Kulte Inligting & Evangelisasie Sentrum*** en word kwartaalliks gepubliseer om die gemeenskap in te lig en te waarsku teen misleiding, die ware Evangelie te verkondig en die Kerk bewus te maak van die gevare wat die dwaalleer van die kultes inhou. ***Sentinel*** is the mouthpiece of ***Cult Information & Evangelization Center*** and is published quarterly to inform and warn the community against deception, to spread the true Gospel and to alert the Church against the heresy of the cults.

Is 'n Interkerklike Evangelisasie en Uitreik-aksie van die Ned Geref Gemeente-EDLEEN
Is an Interdenominational Evangelization Outreach of the Dutch Reformed Church-EDLEEN

Skrifaanhalings, tensy anders vermeld, is uit die 1983 Afrikaanse Vertaling/Scripture quotations, unles stated otherwise, are from the NASB.
Disclaimer: The publication of any article does not mean that CIEC necessarily agrees with or condones all the viewpoints of the writer.

Alhoewel ***KIES*** onder beskerming van die Ned Geref Gemeente Edleen funksioneer is ons verantwoordelik vir ons eie finansiering en is dus ten volle afhanklik van die vrywillige donasies van ***Sentinel*** se lesers en ander ondersteuners.

Redaksioneel/Editorial

Jammer hierdie eerste uitgawe vir 2002 is so laat—dit moes al in Januarie/Februarie by julle gewees het. Ek was net baie besig met ander dinge wat dit moeilik gemaak het om te gaan sit en skryf.

Hierdie een is ook in Afrikaans, want die stuk oor Alpha het ek in Afrikaans vir ons Kerkraad gedoen en toe sommer besluit dit is die aangewese stuk, nadat ek dit verder uitgebrei het, vir hierdie uitgawe.

Die artikel spreek vir homself, maar aangesien die Alpha-kursus al meer veld wen en mense nie werklik weet waaroor dit gaan nie, het ek dit goed gedink om die artikel in ***Sentinel*** te plaas.

Volgende Uitgawe

Ons het heelwat navrae oor die Spade Reën Sending (Blou Rokke) ontvang en sal seker in die volgende uitgawe, wat ek hoop baie spoedig, sal gereed wees, 'n artikel oor hulle plaas.

Die Poslys

As die woorde "Inskrywing Verval: Stuur koepon terug vir hernuwing" op jou koevert verskyn en die koepon word nie terug gestuur nie, sal ons aanvaar dat jy nie meer ***Sentinel*** wil ontvang nie en sal jou naam van die poslys verwyder word. Hierdie sal dus jou laaste nuusbrief wees.

Dankie as jy die koepon wat by die laaste uitgawe van 2001 ingesluit was terug gestuur het—jou inskrywing is hernu en "2003" verskyn buite op jou koevert. Dankie ook aan die enkeles van julle wat donasies by die koepons ingesluit het. Dit word opreg waardeer en hou ***Sentinel*** aan die "lewe".

Van donasies gepraat. Ons ontvang maandeliks gereeld bydraes van enkele persone of kerke en is dankbaar vir julle gereelde ondersteuning. Ek kan dié name wat ek op die vingers van my een hand kan tel neerpen, maar ek glo hulle sal dit nie so wil hê nie.

Malawi Versoek

Ons het al verlede jaar 'n ernstige versoek van die kerk in Malawi ontvang om leraars en andere te gaan toerus sodat hulle die velle aanslag van die Wagtoring Organisasie (Jehova se Getuies) kan teëstaan. Die mense en die kerk is baie arm en kan nie ons onkostes dra nie. ***KIES*** het verlede jaar al besluit en aangebied om hulle tot 'n baie groot mate te borg, maar weens 'n gebrek aan fondse kon ons nie verlede jaar gaan nie en is die toerusting geleentheid uitgestel na hierdie jaar toe. Ons beplan om vanaf 4 tot 14 Julie daar te wees en Ds Ryk van Velden, Algemene Sekretaris van die kerk in Malawi, het reeds begin om reëlings te tref.

Om hierdie poging te laat slaag het ons sowat R40,000.00 nodig waarvan sowat R10,000.00 reeds ontvang is. Die donasies wat hoofsaaklik gedurende verlede jaar van NG Kerke ontvang was in reaksie op ons skrywe word opreg waardeer. Maar soos julle kan sien skiet ons nog ver te kort. Omdat sitplekke op vlugte reeds beperk is moes ons intussen in groot geloof die nodige besprekings vir twee persone maak.

Jou hulp deur middel van raad, planne of wat ookal om hierdie teiken bedrag sommer spoedig te bereik sal opreg waardeer word.

Jaarlikse Kulteskamp

Ons ontvang reeds navrae oor hierdie jaarlikse instelling en daarom het ek gedink dit is noodsaaklik dat ons reeds iets daaroor sê.

Ons het by 'n bestuursvergadering vroeg in die jaar besluit om dit net 'n Saterdag-ding te maak so om en by 10 of 17 Augustus. Program en finale datum sal later aangekondig word.

****

Editors:
Japie Grobler (***Sentinel***).
Dr Henk Stoker, Rev Johan Botha
& Rev Vernon Bekker (Theological)

Address: P O Box 8009
EDLEEN
South Africa
1625
Tel/Fax: +27-11-394-3080
E-mail: **kies_ciec@telkomsa.net**
Website: Coming!

Street Add: Ned Geref Kerk-Edleen
cnr. Amarillo & Ilex Rds
EDLEEN
Kempton Park
Donations: KIES/CIEC
Standard Bank
Midrand
Code 1155
Ac No: 20-247-350-3
Make cheques out to: KIES

Advies oor Kultes/Advice about Cults:

Algemeen/General
Dr Henk Stoker* Tel: 012-460-7525
E-mail: stoker@mweb.co.za
Japie Grobler* 011-394-3080
E-mail: kies_ciec@telkomsa.net
Brits Israelisme/British Israelism
Louis Kruger Tel: 012-345-3275
Jehova se Getuies/Jehovah's Witnesses
Christine Haarhoff Tel: 012-661-8542
E-mail: ngkrhk@mweb.co.za
Japie Grobler* (Sien bo/See above)
Dr Henk Stoker* (Sien bo/See above)
Nuwe/Ou Apostels/New Old Apostles
Japie Grobler* Dr Henk Stoker*
Kittie Pienaar Tel: 011-679-4898
E-mail: pinekit@mweb.co.za
Psigiese Beheer/Mind Control
Dr Rienie Venter Tel: 012-661-8511
E-mail: ventema@unisa.ac.za
Uitleidingsberading/Exit Counselling
Dr Stephan Pretorius*
Tel: 012-542-4172
E-mail: pretosp@unisa.ac.za
New Age & Onderwys
Sarel vd Merwe Tel: 011-472-6964
E-mail:sarel@telkomsa.net
Satanism/Occultism
Ado Krige Tel: 012-329-1467
E-mail: ado@intekom.co.za
Vrymesselary/Freemasonry
Japie Grobler*
* Indicates Board Members



Letters/Briewe

Sê net dankie!

Baie dankie vir die artikel "Universal Salvation" (***Sentinel*** Vol 9 no 4). Dit is baie insiggewend. Ons moet vashou aan die kosbare woord van ons Hemelse Vader.

Bennie Bekker
Richardsbaai

Christendom's rotten underbelly

When we read, see and hear in the Media about the SCANDALS following Christendom, and exposing her rotten underbelly, how wonderful it is to be 'free' of having to 'JUSTIFY' the sick society of 'Christendom'. The 'freedom , we as Jehovah's Witnesses enjoy, and I really mean "ENJOY", is certainly something very special. As and organisation, having been 'washed clean'(made holy) of Christendom's fatally diseased condition, we really have something wonderful to look forward to in the further prophetic fulfillment of, not just the "Sanctification" of His Great and Holy Name, Jehovah, (Matt6:9,10 "Our Father Who art in heaven...") (actively being done at present by millions of Jehovah's Witnesses in 235 lands Globally) but also his "Kingdom" and His promise of, amongst others, a Paradise Earth filled with peace loving people who do not learn war anymore. Free of sin and death and the 'hocus pocus' of false man-made religious traditions and philosophies. In place of which the people of earth will be as be filled with the 'true' knowledge of Jehovah God as the waters of the seas are covering the earth (Isa 11:9), as the prophet Isaiah foretells us, confirmed, amongst others, by Jehovah's only-begotten Son, Jesus Christ Himself in MATTHEW 5:5. ("Blessed are the meek for they shall inherit the earth"!!)

Yes, Jehovah's Witnesses have been "Brainwashed", as perhaps you and your present colleagues would like to refer to them, but not in the disparaging way you would like to think of 'brainwashing'. Their collective "Brain" has been "washed" clean (or Biblically made "HOLY") of all the "dirty and contaminated junk" of Christendom's collective death dealing teachings and 'VROTVRUG' examples. Christendom's 'pseudo christian' hypocrisies and friendship and adultery with this Satanically controlled world (2 Cor: 4:4) is evident to all but those who fatally 'CHOOSE' to be blind to it, and irrefutably, identify Her, together with her other numerous members, such as Islam, as part of the Great Whore of Revelations, Babylon the Great.....GET OUT OF HER BEFORE YOU SHARE WITH HER IN HER SINS....Remember 'YOU' have to choose to be free, John 8:31-32 "If you remain in my word, you will know the 'truth', and the 'truth' will set you 'FREE'.

Concerned JW for you,
so-called, Christians.
Randburg

Scandals have always been found in the Church (Christendom) for the simple reason that we are still in an imperfect world inhabited by imperfect human beings. Just look at the Corinthians! All of the injustices and sins you refer to were part of this congregation (church) and yet they were blessed as ALL the gifts of the Spirit functioned within her.

Why is it that Jehovah's Witnesses just refuse to accept they have all the same problems and sins in their congragations that Christendom has? When the media reports on these issues in Christendom Jehovah's Witnesses are quick to use it to point out how sinful and imperfect Christendom is. But when the same media reports on similar sins among the so-called clean (holy) Jehovah's Witnesses then those same Jehovah's Witnesses (like you) shrug it off as unhappy or disfellowshiped Jehovah's Witnesses having posted untruths on the Internet. Why do Jehovah's Witnesses continue to turn a blind eye and refuse to accept the facts? Elders who have been found guilty in courts of law of sexually molesting minors and on other sex offences. In some instances elders are even allowed to continue practicing as elders in congregations despite having been found guilty in courts of law! Homosexuality runs rampant in the Brooklyn Head Quarters. The facts on all I have mentoned here are available.

Now for a brief reference to THE NAME! I have searched high and low through the whole of the NT and was unable to find one place where Jesus used the name Jehovah! Can you provide the specific reference please?

What audacity you have to include Islam in Christendom! This just proves how horribly distorted your concept of Christendom is. Please get your facts straight.

Ed.

Brits-Israelisme

Graag verneem ek of u dokumente beskikbaar het ten opsigte van Brits-Israelisme?

Indien wel sal ek dit hoog op prys stel as u dit so gou doenlik aan my kan stuur.

Sterkte en seën op u arbeid.

Ds B Compane
Steynsburg

Ons het 'n paar jaar gelede 'n artikel in Sentinel hieroor gehad, en pos 'n kopie van die betrokke nuusbreif aan u. Ons vertrou dit sal in u behoeftes voorsien en dank u vir u die goeie wense.

Ed

Skitterend!

Stuur gerus ***Sentinel*** per E-pos in die toekoms, indien moontlik.

My gelukwense met julle skitterende nuusbrief. Ek kon dit al vele kere met groot vrug gebruik.

Ds Martin Slabbert
Meyerspark

Alpha: From page 1

together."[2] Kerke wat daarin slaag of geslaag het om die Heilige Gees wegnaweek te inkorporeer het logies ook daarin geslaag om die Torotonto Blessing te aanvaar. Hulle oorsprong is dieselfde—alternatiewe bewussynstoestand ("altered states of consciousness"). Nêrens in die Bybel is daar een voorbeeld van soortgelyke ervarings van mense wanneer hulle deur die Heilige Gees vervul geraak het nie. Wat wel gevind word is dat al hierdie fenomene in die okkulte te vinde is. Verder is dit kinderspeletjies vir hipnotiste om mense hierdie dinge te laat ervaar of hulle soortgelyk te laat optree. Luister na hierdie kort beskrywing deur ex-New Ager, Randall N. Baer terwyl hy een aand gemediteer het: "During this experience I was surrounded by a virually overwhelming luminosity—it was as if I was looking straight into the sun. Waves of bliss radiated through my spirit, I was totally captivated by the power. Suddenly, another force stepped in. It took me by complete surprise. In the twinkling of an eye, it was like a supernatural hand had taken me behind the scenes of the experience that I was having. I was taken behind the outer covering of the dazzling luminosity and there saw something that left me literally shaking for a full week. What I saw was the face of devouring darkness! Behind the glittering outer facade of beauty lay a massively powerful, wildly churning face of absolute hatred and unspeakable abominations—the face of demons filled with the power of Satan."[3]

Soortgelyke ervarings kom voor in Kundalini joga: "...individuals involved in this process might find it difficult to control their behaviour; during powerful rushes of Kundalini energy, they often emit various involuntary sounds and their bodies move in strange and unexpected patterns. Among the most common manifestations...are unmotivated and unnatural laughter or crying, talking tongues...and imitating a variety of animal sounds and movements." (Grof in *Focus magazine*, Winter, 1994/5, p. 5)[4]

2. Wat is die Alpha-kursus?

Die grondwerk was in 1979 in Holy Trinity Brompton deur Charles Marnham gelê maar dit was Nicky Gumbel wat dit verder ontwikkel het tot die formaat waarin ons dit vandag het. Sy idee was om 'n kursus daar te stel wat nuwe Christene sou help om die basiese beginsels van die Christelike geloof te verstaan.

Dit is eenvoudig in konsep en ontwerp—bestaan uit 'n reeks van 15 praatjies/lesings oor 'n periode van 10 weke. Verskeie onderwerpe kan of deur 'n spreker, video's of klankkassette aangebied word. Die aanbiedings, wat ookal gebruik word, is gebasseer op 'n boek, *Lewensvrae/"Questions of life"*. Volgens Nicky Gumbel[5] kan ook nie-Christene gebruik word om die kursus aan te bied. Dit op sigself behoort mens alreeds tot kommer te stem.

Deurgaans word baie Bybelverse aangehaal. Maak dit iets aanvaarbaar, reg en waar? Die Jehovah se Getuies, Mormone, Ou/Nuwe Apostels, Christian Science ensovoorts en New Agers haal ook baie Bybelverse aan! Ons weet uit die Skrif dat selfs die Duiwel dit met Jesus gedoen het. Maar dit daar gelaat. Kom ons kyk na 'n kort indeling van die Alpha-kursus:

Lesse 1-3: Die evangelistiese element: Gedurende die eerste drie weke word die evangelistiese gedeelte behandel. Die eerste aanbieding (*Die Christelike geloof: Verveeld, Onwaar en Irrelevant?*) is 'n algemene oorsig van die toestand waarin die wêreld en moderne mens verkeer en sy soeke na betekenis. Dit gaan gewoonlik gepaard met 'n ete waar die mense wat nie ingeskryf het nie na die volgende kursus uitgenooi word. Deel twee (*Wie is Jesus?*) kyk na die feitelike bewyse van Sy lewe, Sy aansprake dat Hy God is. Sy opstanding word deur goeie en sterk argumente ondersteun. Les drie hanteer, *Hoekom het Jesus gesterf?* waarna ons later meer indringend sal kyk.

Lesse 4-7: Pastorale leiding: In hierdie gedeelte word van dié standpunt uitgegaan dat deelnemers Christene is wat vrae van 'n praktiese aard het en sodanige vrae word beantwoord sonder enige verdere evangeliese uitleg.

Week 4 hanteer drie aspekte onder die volgende hoofde:

Die Woord van God—met die belofte dat as ons die deur vir die Here oopmaak Hy sal inkom.

Die Werk van Jesus—die feit dat Jesus aan die kruis gesterf het is vir ons die versekering dat God ons vergewe het.

Die Getuienis van die Gees—die verandering van 'n persoon se lewe na bekering en innerlike oortuiging dat dié persoon nou 'n kind van God is.

Week vyf hanteer, *Waarom lees ons die Bybel?* En hier word Alpha se sterk invloed en inhoud met en van die Charismatiese waargeneem want Gumbel sê: "God also speaks to people directly by his Spirit: through prophecy, dreams, visions and through other people."[6]

Week ses bespreek *Waarom en hoe behoort ons te bid?* Die rol van die Drieeenheid en sommige besware teen gebed word hanteer. Praktiese riglyne word verskaf en voorbeelde uit die "Ons Vader" gebed word geneem. Hierna word in les sewe na *Hoe lei God ons?* gekyk en weereens word die sterk Charismatiese ondertone met verwysing na drome opgelet.[7]

Lesse 8-11: Die Alpha weg-naweek: Hierdie is seker die hoofmoment van dié kursus waartydens drie lesse aangebied word:

Wie is die Heilige Gees?—is 'n teologiese beskouing oor die werk van die Heilige Gees vanaf die OT tot Pinkster.

Wat doen die Heilige Gees?—die werk van die Gees en hoe Hy die gelowige bewus maak van sy aanneming as lid van die familie van God en hoedat hy verander word na die beeld van Christus sowel as Geestelike gawes word hieronder hanteer.

Hoe kan ek deur die Gees vervul word?—die ervarings wat met die vervulling van die Gees geassioseer word word in hierdie les hanteer.

Die lering oor die Heilige Gees is tipies wat in Pinkster- en Charismatiese kerke gevind word en is seker dié gedeelte van die kursus waar die Charismatiese eienskappe en invloede die mees ooglopendste is.

Lesse 12-15: Nog pastorale en praktiese leiding: Les 12 handel oor, *Hoe kan ek die duiwel weerstaan?*, terwyl les 13 oor *Hoe en waarom moet ek ander vertel?* gaan. Les 14 hanteer die onderwerp, *Genees God nog vandag?* In hierdie gedeelte leun Gumbel sterk op John Wimber van die Vineyard Movement 'n voorloper van die Toronto Blessing. In les 15 word die vraag *Wat van die kerk?* bespreek. Die noodsaaklikheid van kerkbywoning word hanteer maar Gumbel se konsep van Die Kerk is baie wyd. Kerke word byvoorbeeld ontmoedig om leerstellige onderskeidings te leer.[8]

Ten eerste moet ons eers 'n fondasie lê en hierdie fondasie is die Evangelie!

3. Wat is die Evangelie?

Die evangelie is 'n boodskap van God—dit kom van Hom en is hoofsaaklik 'n boodskap oor Hom. Dit word deur Hom aan die mens gegee en sonder die evangelie sal ons nie enigsins iets oor Hom wys word of ons posisie teenoor Hom begryp nie. Paulus beaam dit wanneer hy met die Galasiërs praat: "Dit moet julle goed besef, broers: die evangelie wat ek verkondig, is nie deur 'n mens uitgedink nie. Ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of by 'n mens geleer nie. Inteendeel, Jesus Christus het dit in 'n openbaring aan my gegee." (Gal 1:11-12)

Die evangelie verskaf feite oor God se karakter, gedagtes, wense en wil. Dit gee aan ons kennis oor God en die mens kom in die prentjie in soverre dit sy verhouding met God aangaan. Daarom hoor ons, "God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense..." (Rom 1:18) terwyl ons iets van Hom hoor "Maar nou het die vryspraak...in werking getree...wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie." (Rom 3:21) Ons beklee die posisie van mense aan wie dinge getoon moet word. Die mens is toevallig of bykomstig. God is sentraal. Wanneer daar na Paulus se verkondiging van die evangelie aan die heidene in Athene (Hand 17) gekyk word let ons 'n baie sterk lyn op—'n lyn wat ook deur die ander apostels gevolg was (kyk maar na Petrus in Hand 2). God het

in die eerste plek sentraal en prominent gefigureer. 'n Akkurate beskrywing van Hom was ten eerste deur hulle verskaf—hulle het gehoor Wie en Wat is Hy. Nicky Gumbel sê dat sy eie probleem was dat hy aanvanklik niks van die Christelike geloof geweet het nie. Geen wonder dat Alpha ons bitter weinig oor God leer. Net soos in Athene laat Alpha ons met die "Onbekende God." Ons word niks wys uit Alpha oor God, sy doel, sy karakter of sy wese nie. Alpha is mens-gesentreerd nie God-gesentreed nie soos ons later sal sien.

Verder is die evangelie die smal weg. Dit het nie plek vir die mens se sensitiwiteite, opinies, of voorkeure nie. Dit is radikaal en vereis die mens se aandag. Dit sny deur alle weerstand tot by die mens se probleem, sonde, en konfronteer hom met sy behoefte aan verlossing.

Die openbaring van God se heilige en regverdige karakter tesame met Sy liefde vir 'n verloregaande mensdom is nie net iets waarvan kennis geneem kan word, waarna 'n mens maar weer kan voortgaan met die alledaagse nie. Nee! Dit het ooglopende en lewensbelangrike implikasies en dit moet uitgespel word. Dit mag nie altyd nodig wees om dit so ekplesiet uit te spel nie, maar dit is nodig dat die gevolge van die verwerping van die evangelie duidelik aan sondaars uitgespel word.

Soos met die inhoud van Die Evangelie word al te maklik aanvaar dat mense 'n duidelike begrip van terme soos wedergeboorte, bekering en verlossing het. Dit is nie altyd waar nie en daarom moet daar baie keer tyd aan gespandeer word om die evangelie in sy volheid te verduidelik.

4. Die Evangelie volgens Alpha:

Omdat daar soveel sukses aan Alpha toegeskryf word is dit nodig dat kortliks en hopelik tog indringend na Alpha se evangeliese inhoud gekyk word. Ons vind dat baie weinig van die materiaal in die Alpha-kursus 'n evangeliese inhoud het. Slegs die eerste drie van die vyftien lesse bevat iets daarvan en dus is dit 'n raaisel hoekom so weinig oor die evangelie in dié kursus behandel word terwyl die kursus daarop ingestel is om juis die onbekeerde en ongelowige te bereik. Reeds by die vierde les word hiervan weg beweeg want dan word aanvaar dat kursusgangers nie meer enige respons het nie en word gevra, *Hoe kan ek van my geloof seker wees?* sodat mens tot die gevolgtrekking kom dat dit nou 'n geval van *Ons is nou almal Christene*-benadering is.

Die titel van die vierde les, *Hoe kan ek van my geloof seker wees?* moet mens laat vra of kursusgangers nie dalk ernstig mislei kan word nie? Dit veral nadat mense reeds aan die einde van les drie gelei was om die sondaarsgebed te bid. Daar word aanvaar dat mense reeds genoeg geloof het waarvoor die vierde les nodig is. Daar is niks in les vier waardeur verseker kan word of ware bekering en reddende geloof ervaar was nie. Niks om vas te stel of mense waarlik begryp hoe nodig Goddelike genade vir hulle is, en of daar begrip is dat Jesus Christus alleen red nie.

Dit bly daarom 'n raaisel waarom 'n kursus wat daarop aanspraak maak dat dit evangelies van aard is so weinig inhoud oor die evangelie en net so weinig spasie aan die uitleg van die evangelie bevat. Les vier mag dalk van toepassing wees op nuwe Christene maar dit is hoogs misleidend vir enige kursusgangers wat op daardie tydstip nog ongelowig is. Veral as in ag geneem word dat Gumbel sê dat Alpha vir beide nuwe Christene en nie-Christene is. Kursusleiers en kleingroep-leiers word geen leiding gegee hoe om vas te stel of iemand 'n gelowige is of nie. En so raak dit nog gevaarliker en meer misleidend wanneer les 9, *Wat doen die Heilige Gees?* behandel word.

"God wants to fill every one of us with his Spirit. Some people are longing for this. Some are not so sure that they want it—in which case they do not really have a thirst. If you do not have a thirst for more of the Spirit's fullness why not pray for such a thirst? God takes us as we are. When we thirst and ask, God will give us 'the free gift of the water of life'."[9] Hierdie woorde is baie inklusief. Almal word aangespreek asof hulle Christene is. Om 'n ongelowige te oorreed om die Heilige Gees te ontvang voor sy wedergeboorte druis totaal teen die Skrif in. Hoe is dit enigsins moontlik aangesien hy nog nie in Jesus Christus glo nie?

Geen Skepper, geen roemryke God: God word by herhaling deur Alpha as minder as wat Hy is voorgehou. As voorbeeld ontvang Sy regverdigheid en heiligheid van wese en karakter bitter weinig aandag. Om die waarheid te sê die feit dat hy Skepper is verdien nie eers om genoem te word nie. Hierdie is nie opsioneles nie maar fundamenteel wanneer daar van God gepraat word. Alpha stel ons voor aan 'n God wat ons kan help eerder as die Ewige en roemryke Skepper van die ganse heelal. Die Een wat nie van ons afhanklik is vir iets nie. Wat ons nie nodig het nie, maar wat in Sy onverstaanbare liefde en uit suiwer genade Sy hand na ons toe uitgesteek het.

Liefde en niks anders nie: As daar een ding is wat Alpha duidelik onder ons aandag bring dan is dit dat God 'n God van liefde is. Hierdie boodskap hoor mens oor en oor en is dit nog meer so op die video's.

"God loves each one of us so much and longs to be in a relationship with us as a human father longs to be in a relationship with each of his children. It is not just that Jesus died for everyone. He died for you and for me; it is very personal."[10]

Natuurlik is God 'n God van liefde. Dit is oneindige liefde, wonderlike liefde, volmaakte liefde, maar dit is nie die God van liefde van Alpha nie. Die God van die Bybel is heilig ver bo ons begrip en daarom is dít wat Hy aan bose sondaars bewys des te meer merkwaardig. Tensy ons besef hoe sondig ons werklik is en watter groot daad van genade dit van God geverg het om sy Seun vir ons te gee sal ons nooit die liefde van God kan verstaan nie. Om te begryp dat dit oor wie en wat ons is gaan eerder as oor elkeen van ons se sonde sal ons bly dink dat as ons net beter kan lewe ons God sal kan tevrede stel.

Geen sonde: Volgens Alpha het Christus gekom om ons van die gevolge van ons sonde te red. Hy het ons lief en het gekom om ons uit ons ongelukkige menslike toestand te verlos. Die Christus van die Bybel daarenteen het gekom nie net om ons van die gevolge van ons sonde te red nie maar in die eerste plek om die vereistes van God se heilige wet te bevredig. Daar is 'n belangrike verskil.

Die wortel van die sonde is 'n oortreding van die heilige wet van God. Alpha onderskat die ernstigheid hiervan wanneer dit sê: "...[the] root cause of sin is a broken relationship with God..."[11] Alpha het geen begrip vir die heiligheid van God en van sy toorn daarteen nie. Dit het ook geen begrip van hoeveel aanstoot die mens God gee nie.

Dit verduidelik waarom Alpha die vraag *"waarom jou oor sonde bekommer?"* antwoord deur die lys van vier gevolge. Die gevolge is wel waar, maar is almal mens-gesentreerd. Dit is almal die gevolge vir ons. Is die feit dat ons God aanstoot gee nie op sigself alleen genoeg nie? Omdat Alpha ons niks oor die heiligheid van God vertel nie, het dit geen verwysingsraamwerk vanwaar 'n konsep hieroor uitgebou kan word nie. Gevolglik is Alpha genoodsaak om die konsep van die vier gevolge in antwoord op die vraag, *"waarom jou oor sonde bekommer?"* in te bring. Alpha se ontleding skiet dus tekort en sy "Christus" is slegs daar vir 'n minderwaardige probleem.

Dié probleem duik telkemale op want ons hoor byvoorbeeld dat Alpha sê Christus was gekruisig, "...to pay the penalty for all the things that we have done wrong."[12] Dit is waar dat sonde ooglopend is in "the things that we have done wrong", maar daar is baie meer as net dit. Dit is veel erger as om te besef wat ons alles verkeerd gedoen of gedurende ons lewens ervaar het. Dit is selfs erger as om nie so perfek soos Jesus te lewe nie. Ons het 'n sondige natuur: "Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word." (Ef 2:3) Dit is nie wat ons doen nie—dit is wat ons is wat vir God die probleem is.

Geen toorn, geen oordeel: Dit is ook geen verrassing om te vind dat die "God" van Alpha nie 'n God van toorn is nie. Hierdie konsep word nie eers genoem nie.

Alpha laat net eenvoudig na om die mens die erns van sy toestand en die oordeel van die toorn van God wat oor ons hang te laat besef. Die naaste wat Alpha hieraan kom is wanneer na die "hof-toneel" verwys word. Ons is skuldig en God het die prys vir ons betaal. Daarom is Hy beide Regter en Verlosser.[13] Dit is egter onduidelik wat dit impliseer. Dit is nie sentraal in Alpha nie maar steek sy kop so met 'n ompad uit, verberg deur die resultate wat Christus se dood vir ons verseker het. Dit kom voor asof dit so 'n nagedagte is eerder as iets wat in die kern van die kursus tuis hoort.

As finale voorbeeld van Alpha se oorsig van die erns van ons sonde dien oordeel as 'n goeie voorbeeld. Alpha gaan so ligtelik hiermee om dat ons dit maklik kan miskyk. Daar word gesê: "...we will all be subject to the judgement of God."[14] Maar ons word nie vertel hoe vreeslik of afgryslik dit sal wees nie. Die video vir week 2 behandel die skeiding van die skape en bokke maar laat na om dit behoorlik te verduidelik. Die Bybel sê aan ons, "Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val." (Heb 10:31) Ons hoor ook uit die Bybel hoe dit vir die onboetvaardige sal wees, "Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag." (1 Tess 1:9) Iets waaroor Alpha redelik stil is. Die oordeel en pyniging in die hel word afgewater tot die uitdrukking, "...eternal isolation from God."[15] Dis dit—niks meer word gesê nie!

Deurgaans het Alpha daarin gefaal om ons te vertel wie en wat God is en kan ons ook nie vertel wat sonde is en waarom dit aan die oordeel van God onderworpe is nie.

Alpha mis die punt oor Christus se werk aan die kruis en laat ons met 'n God wat vir ons jammer voel. Die sentrale tema is dat Hy vir ons lief is en intens daarna verlang dat ons in Hom moet glo. Alpha dink ons probleem is dat ons nie werklik besef hoe lief Hy ons het nie en dat ons meer geredelik tot Hom sal nader indien ons dit duidelik verstaan. Dit is vir ons nodig om die kruis se persoonlik eienskappe raak te sien[16] en dan te deel in die voordele wat ons bevry van die gevolge van die sonde en sodoende in 'n verhouding met die liefdevolle God te staan.

Die gevaar van Alpha is dat die Kruis tot 'n visuele hulpmiddel gereduseer word wat konklusief bewys dat die liefdevolle God homself offer. Christus se werk aan die kruis word afgebreek tot 'n daad wat ons red van ons probleme eerder as die vervulling en regverdige vereistes van die heilige wet en toorn van God. Sonder 'n duidelike uiteensetting van die oortreding van die heilige wette van God ontbreek dit aan 'n samehangende verduideliking. Alpha probeer 'n paar keer, maar slaag nie daarin nie. Ons word vertel dat God sy Seun moes straf en so "maak Hy dit vir ons moontlik om in 'n herstelde verhouding met Hom te staan."[17] Die hele aangeleentheid is mistiek. Dit moes gebeur maar ons weet nie hoekom nie. Hierdie misterieuse aangeleentheid word nie verduidelik nie. In week 1 word gesê dat Jesus gesterf het om, "ons sondes weg te neem. Wanneer dit weg geneem is, het ons 'n nuwe lewe."[18] Ons word egter nêrens vertel waarom Sy dood nodig was om ons skuld te betaal nie. Al waarmee ons gelaat word is 'n liefde sonder die konteks van die self-offerende Christus wat slegs gesterf het om ons 'n beter lewe te gee. Is dit werklik die einde van dié verhaal?

Alpha kom die hart van alles kort—God. Onderwerpe soos, God is skepper, die majesteit en glorie van Sy wese, Sy heiligheid en toorn teen die sonde en Sy komende straf daarvan word óf heeltemal oorgesien óf totaal versag. Die erns van sonde word afgewater en die hele benadering is mens-gesentreerd. Wanneer Alpha wel iets sê, begin dit op die verkeerde plek—onsself. Daarna mis dit 'n goue geleentheid om evangeliese redenasies te gebruik om 'n samehangende verduideliking te gee hoekom Christus moes sterf. Dit blyk slegs dat God deur 'n suiwer gebaar van liefde ons vanuit die gevolge van ons eie selfsugtige lewens kom red om sodoende aan ons soeke na vervulling te voldoen. Dit moet mens ernstig laat nadink oor wat Chafer geskryf het:

"Many are the attempts made by those who do understand nothing of the real character of God to save Him from the undesirable reputation He must acquire if He does not in compassion rescue all beings from eternal retribution. Such doctrinal confusion arrises when one truth is stressed without regard for other truths which qualify it. God is holiness and righteousness as well as love. It is the Holiness of His Person and the righteousness of His government which preclude Him from mere generosity which would make light of sin. In fact, sin is sufficiently sinful to require eternal retribution as the divine penalty for it. There is no field for argument at this point. The Word of God must stand and man must be reminded that of the two issues involved—sin and holiness—he knows nothing about their depth of meaning. Being absolute, divine holiness cannot be varied or altered in the least degree. This truth is the key to the entire problem which the idea of retribution engenders. If God could have forgiven one sin of one person as a mere act of kindness, He would have compromised His own holiness which demands judgment for sin. Having thus compromised Himself with sin, He would need Himself to be saved because of the unrighteous thing He had done. He would, by such supposed kindness, have established a principle by which He could forgive all human sin as an act of divine clemency, and thus the death of Christ is rendered unnecessary. This truth must not be overlooked if the doctrine of eternal retribution is to be understood at all. Let it be restated that, if God could save one soul from sin by mere generosity, He could save all souls from sin by generosity and the death of Christ thus becomes the greatest possible divine blunder." [19]

Die apostels het nie nodig gehad om mense te forseer om 'n God van liefde te aanvaar nie. Hulle het 'n heilige God verkondig wat bereid was om sondaars te red. Daar was nie plek vir 'n sentimentele en emosionele God wat daarna verlang om in 'n verhouding met mense te staan nie. Die Here het 'n groter sê in die verlossing en bekering van mense as wat Alpha voorhou.

5. Die Heilige Gees naweek:

Ons kan nie nalaat om die Heilige Gees weg-naweek te evalueer nie. Die Alpha-kursus sê hieroor: "The Week-end is a crucial element of the course when the Holy Spirit is introduced. Sometimes the teaching can be incorporated into a single day, but the week-end is a good chance to cement friendships and take a break away.[20]

Sonder enige twyfel is die sessie, *"hoe kan ek deur die Heilige Gees vervul word?"* die kardinale deel van dié naweek. Dit is aan die einde van die sessie wanneer alles gebeur. Hierdie gedeelte is 'n redelike standaard verdediging van Charismatiese teologie en praktyk. Dit gaan van dié standpunt uit dat alhoewel ons as Christene die Heilige Gees het ons nie so effektief is as wat ons sal wees indien ons met die Heilige Gees vervul word nie.

Om die basis hiervoor te lê word mense deur Alpha meegevoer op 'n toer van die belangrike gebeure in die Handelinge van die apostels. Dit word egter gou duidelik dat mense voorberei word om die fenomene van liggaamlike manifestasies as bewyse van die werk van die Heilige Gees, en as teken dat hulle deur Hom vervul is, sal aanvaar. Deur die Pinksterdag-gebeure in Handelinge 2 as voorbeeld voor te hou word aan mense gesê: "Sometimes, when people are filled, they shake like a leaf in the wind. Others find themselves breathing deeply as if almost physically breathing in the Spirit."[21] Die vuurtonge van hoofstuk twee word met die volgende vereenselwig: "Physical heat sometimes accompanies the filling of the Spirit and people experience it in their hands or some other part of their bodies. One person described a feeling of 'glowing all over.' Another said she experienced 'liquid heat.' Still another described 'burning in my arms when I was not hot.'"[22]

Mense word ook vertel dat hulle die oorweldigende liefde van God sal ervaar en op allerhande emosionele wyses daaraan uitdrukking mag gee. Hoe dit ookal sy, die weg word gebaan vir mense om verskillende emosies en manifestasies te ervaar. Mense word amper gewaarsku om nie bang te wees

om uiting aan hulle emosies en gevoelens selfs deur allerhande uitspattige dinge te gee nie. Tongespraak word ook goedgekeur as 'n manier om emosie uit te druk. Ons hoor: "Ask God to fill you with His Spirit and to give you the gift of tongues. Go on seeking him until you find. Go on knocking until the door opens. Seek God with all your heart. Open your mouth and praise God in any language but English or any other language known to you. Believe that what you receive is from God. Don't let anyone tell you that you made it up. (It is most unlikely that you have.)[23]

Ons het hier met 'n geval van "hard-selling" te make. Mense word in 'n hoek gedruk. Indien hulle nie saamwerk nie mis hulle dit wat die Heilige Gees in hulle wil vermag. Daar is feitlik geen uitweg. Alpha verseker ons dat "almal 'n prys sal ontvang" deur te waarborg dat enigiets wat ons sê in ons pogings om tale te praat van God moet kom en indien enige iemand iets anders sê is hulle doodeenvoudig verkeerd. Mens is magteloos teen so 'n redenasie. Luister na die getuienisse van mense:

"On the weekend away I was blessed to receive the Holy Spirit. What an experience—total peace, floods of tears and a feeling that I was a special person, loved by Jesus totally."[24]

"I didn't want to come on the weekend and I did. But I would call myself a Christian now. I would say that I felt the Holy Spirit. I was feeling I was loved. It was really a tremendous overwhelming feeling of love.[25]

"But Nicky talked about the gifts of tongues, and at the end of his talk, he asked the Holy Spirit to come. I was totally overcome. I couldn't control wat was happening to me. I didn't want to control it. The tears started running and everything was happening to me—it was just a wonderful experience, and something I truly never expected.[26]

Luister na die getuienis van 'n man wat op aandrang van sy vrou "...[I] read an article in a magazine about the Alpha course at Holy Trinity Brompton. What had stuck in my mind was how the work of the Holy Spirit was desrcibed as of paramount importance. I knew in my heart I had to have this power in my life at any cost, so I enrolled on the course and focused on the weekend where the Holy Spirit is discussed, never mind the weeks of pre-med, I just had to get into the operating theatre. I looked at the order of play (the other talks, eg., on Jesus etc.). I saw that the 3rd session, "How can I be filled with the Holy Spirit?", which I identified as the main one was at 4:30 p.m., and simply hung on like a marathon runner weaving his way up to the finish line with nothing but the tape as the focus of my attention. The prize was so near me but we were getting there so slowly. I nearly wanted to scream out, 'do it now! I can't hold out any longer.' I'm not exaggerating when I say that I was in agony. Then Nicky Gumbel invited the Holy Spirit to come—and oh! the relief." (Past Bill Randles, *What about the Alpha course?* Audio tape).

Temidde van al die erns waarmee Alpha-gangers glo dat hulle waarlik God ontmoet het word ons nogtans met 'n aantal ernstige vrae gelaat.

o Is hierdie ervarings vergelykbaar met dit wat ons van die Heilige Gees uit die Bybel leer om mense tot geloof, berou, sondebelydenis en bekering te lei? In alle eerlikheid as ons hierdie getuienisse van mense met die Bybelse betekenis van bekering en geloof vergelyk dan moet die antwoord onteenseglik, "Nee" wees.

o Is daar oortuiging van sonde? Die "ou" getuienis is dat mense getuig het dat hulle velore was, dat Jesus hulle gered het en hulle lewens verander het. Nou kry ons egter hierdie "nuwe" getuienisse—ek was reeds goed, nou is ek beter, "my life has been good, but since Alpha, since I became a Christian, it has become so much richer." Hoe rym dit met, "Almal het afgedwaal, die laaste een het ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie één nie." (Ps 14:3)

o Ervaar mense berou en is hulle skaam voor God oor hulle sonde?

o Besef mense die erns van God se wet en het hulle begrip vir die regverdigheid van Sy verdoeming van ons?

o Is daar begrip onder Alpha-gangers dat God ons as sondaars aansien wat vir ewig verlore is?

o Vertrou mense slegs op Jesus Christus vir hulle verlossing en dat geloof in Hom alleen uitdrukking van ons geloof is?

o Besef mense dat die Heilige Gees soos "die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie."? (Joh 3:8) en dat

o Ons God nie kan manipuleer nie—dat ons nie die Heilige Gees kan vra om te kom en ons te kom vul soos en wanneer ons wil hê dit moet gebeur nie? Kyk gerus na Joh 14:16, 17, 26 en oordink dit. As gelowiges die Gees moet nooi om met hulle en in hulle (vervul) te wees het Jesus mos nie die waarheid gepraat nie—of die Alpha-gees is 'n vals gees. (2 Kor 11:3-4)

Hierdie ervarings wat by verre nie die Heilige Gees se werk kan wees nie kan deur enigeen ervaar word wat 'n alternatiewe bewussynstoestand ("altered state of consciousness") beleef. Dit word aangebring deur mense in 'n hoogs emosionele toestand te kry sodat hulle selfbeheer verloor. Shamaans (toor-dokters) joga-beofenaars, mediteerders, en dies meer kry dit reg en dit is selfs moontlik deur iets so eenvoudig soos hiperventilasie. Hipnose kan jou ook ál hierdie dinge en meer laat ervaar, soos ons van nie-Christen hipnotis, Ronald Shone, verneem as hy verduidelik wat om te verwag gedurende 'n alternatiewe bewussyns-toestand: "Once relaxation is achieved, if not before, you may experience a tingling sensation, especially in the legs and feet...These reactions are quite normal and can give the feeling of vitality."[27] Al die instruksies wat deur Alpha aan mense gegee word berei hulle voor vir die proses waartydens hulle nugtere denke gestaak en die intellek ("mind"), al is dit net tot 'n mate, uitgeskakel word. Dit is baie duidelik uit die deel oor die tongespraak—ons was gesê om enige taal te praat wat ons nie ken nie. Dit is iets wat buite die rasionele gebeur. Wanneer iemand in 'n alternatiewe bewussynstoestand verkeer is dit verbasend wat kan gebeur en waartoe die menslike liggaam in staat is en wat hy kan voel en ervaar. Ongelukkig het dit alles net mooi niks met die Heilige Gees te doen nie! Ondersteuners van Alpha en aanhangers van die *Tekens en Wonders-beweging* mag verras wees om te verneem dat hierdie fenomene deur mense van enige of selfs geen geloof ervaar kan word. 'n Nie-Christelike geneser vertel as volg van sy eie ervaring: "The patient will sometimes feel the healing begin before I have stood up, demonstrating that the power comes from beyond the healer and is simply directed through him. I have already slipped into what has been called the 'Alpha state', which is an extra state of tranquility. I then get out of my chair and place my hands very gently on the shoulders of the patient, eventually moving to the head and then slowly down to the spine—the spinal cord is an extension of the brain. The healing process is very quiet and gentle. The patient may or may not feel some of what I feel—a tingling, or heat or cold. It makes my hands shake slightly and the heat or cold does not always relate to the actual temperature of my hands...you may feel a tingling sensation throughout parts of your body—almost as if you can feel an exchange of energy taking place..."[28] Laat die dinge as waarskuwings dien want...

"Having gained control of the mind left passive and open to its entrance through hypnosis or any of the other means of achieving 'higher' consciousness [or altered states of consciousness], a demon may then begin to activate the neurons of the brain. In this manner an entire universe of illusion could be created...an 'inner experience' will be transmitted that will seemingly validate the claims and teachings of the guru or cult leader [or whoever]."[29] ([...] my invoeging)

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Alpha-kursus slegs daarin slaag om mense tot 'n meerdere mate aan hipnose bloot te stel en dat dit geheel-en-al faal deur hierdie fenomene deel van die kursus te maak. Die Alpha-ervarings is in die meeste gevalle toegespits op die vleeslike en dra net mooi niks of bitter weinig daartoe by om ons nader aan God te bring of om enige inligting oor God aan ons oor te dra. Die

kontras is so groot dat dit nie mis gekyk kan word nie. Tydens Pinksterdag (Hand 2) was daar nie 'n gekriewel of hittegloede onder die mense nie—nee ons lees: "...die mense [was] diep getref..." (v.37)

Miskien moet ons dié woorde van Gumbel meer ernstig opneem: "I have found that on Alpha that those from and essentially enlightened background feel at home with the parts of the course which appeal to the mind, but often have difficulty in experiencing the Holy Spirit. Others coming from the New Age Movement find that rational and historical explanations leave them cold, but at the weekend away they are on more familiar territory in experiencing the Holy Spirit."[30]

Ons weet uit die Skrif dat Satan en sy demone hulle voordoen as engele van die lig. Deur valse tekens en wonders slaag hulle daarin om baie mense te mislei. Omdat hulle weet die mens hou daarvan dat sy ego gestreel word en hy belangrik wil voel, word Oswald Chambers se woorde 'n waarskuwing wat nie geïgnoreer mag word nie: "This is his [Satan's] most cunning travesty...to counterfeit the Holy Spirit...to make men upright and individual—but seemingly self-governed and with no apparent need for God."[31]

Die woorde van Weldon en Ankerberg oor die werking van bose geeste moet ook nie sonder meer in die wind geslaan word as moontlike werking in Alpha nie: "Once the spirits' activity is masked under the disguise of psychic powers, or the powers of the unconscious mind, their activity becomes unrecognizable for what it really is: true spirit contact."[32]

Sommige mense mag sê dat hulle dele van die kursus kan weglaat of aanpas, maar as iemand erns daarmee wil maak dan moet die dele oor God, oor Jesus Christus, oor sonde en verlossing en God se oordeel herskryf word. Die Heilige Gees wegnaweek sal baie radikaal aangepas moet word en dan bly daar bitter weinig van Alpha oor, behalwe die gevaar van die verbreking van kopiereg.

Die oplossing lê duidelik in die suiwer bediening van Die Evangelie en dit mag nie so eenvoudig wees as wat dit klink nie. Baie kerke mag dalk dink dat hulle die Evangelie suiwer bedien terwyl 'n kritiese evaluering dalk die teendeel kan bewys. Ander weer mag dalk voel dat dit al vir jare gedoen word sonder enige vrug en dit mag waar wees. Inderwaarheid is dit 'n donker tyd waarin diensknegte van God moet voortywer, maar dit moet ons nie na allerhande strooihalmpies laat gryp wat lyk asof dit werk nie. Daar is nie 'n towerstaf waarna gegryp kan word nie. Ons taak lê daarin om die geleenthede wat ons gebied word so ywerig as moontlik aan te gryp terwyl ons nooit die ware essensie van die Evangelie wat ons verkondig uit die oog mag verloor nie. Indien ons die Evangelie biddend, met erns en so duidelik en omsigtig as waartoe God ons in staat stel verkondig en dit nie mense red nie, het ons niks anders om hulle aan te bied nie. Indien mense weier om die boodskap van verlossing te aanvaar het ons geen ander boodskap om hulle aan te bied nie. Indien hulle nie sover gebring kan word om na die waarheid te luister nie, het ons geen mandaat om iets anders aan hulle voor te hou nie.

6. Die Heilige Gees:

Ons moet in gedagte hou dat die Heilige Gees nie gekom het om die aandag en verering op Homself te vestig nie. Hy wys die weg na Christus en die Vader toe. Hy is die Een wat mense deur die aanhoor van die Evangelie, tot sondebesef, berou en verootmoediging roep — wat die wedergeboorte gee.

7. Die regte atmosfeer:

Baie meer kan nog gesê word, maar ons sal net vlugtig aan enkele ander sake raak.

Baie dinge wat deesdae onder *erediens* en *aanbidding* in kerke ingevoer word, hoofsaaklik om mense na eredienste toe te lok, vereis ernstige oorweging. Seker een van die belangrikste is **sang**. Baie van die liedere wat gesing word is arm aan teologie en faal daarin om God te beskryf en beroof Hom van die eer wat Hom toekom. Woorde word soms tot vervelens toe herhaal, baie keer onder die gedruis van oorverdowende orkesmusiek met die gepaardgaande lekker ritme van die trom en kitaarspelers. Selfs die prediking is in baie gevalle nie Skrifuitleg nie, maar lekker humoristiese stories wat vertel word—die dinge wat die hoorders se gehoor streel. (2 Tim 4:3,4) Hierdeur word God se eer aangetas en die gevolge vir ongelowiges is rampspoedig. Ongelowiges wat aanskou hoedat "Christene" op sulke maniere God probeer vereer sal noodwendig tot hul eie gevolgtrekkings kom. Liedere wat die God van Alpha "vereer" en vol sentimentele liefde is, maar kortkom aan die lofprysing van die heiligheid en die verheerliking van God slaag slegs daarin om 'n blywende wanindruk by mense te laat. Ongeërgde informaliteit met die Almagtige God kan direk teen die prediking inwerk en 'n vals boodskap aan mense deurgee dat ons in 'n ander God as die God van die Bybel glo. Ons voorvaders het meer van die heiligheid van God as ons geweet en daarom moet ons nie nalaat om by hulle te leer hoe om Hom te aanbid nie.

7. Ten slotte:

Hoe hulpeloos ons ookal mag voel tydens die oorweldigende invloed van die apatiese, gee dit aan ons geen reg om 'n ander evangelie te verkondig of na iets anders te gryp wat lyk asof dit werk nie. Indien mense nie na die Evangelie wil luister nie, sal hulle na weinig ander dinge luister. Die antwoord aan die ryk man dien as goeie voorbeeld: "As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan." (Luk 16:31)

****

Notas

[1] Chris Hand, *Falling Short? The Alpha Course Examined*, Day One Publications, 1998:96.

[2] Nicky Gumbel, *"The Spirit and Evangelism", Renewal,* May 1995, p.15.

[3] Randall N. Baer, *Inside the New Age Nightmare*, Huntington House Inc., 1989:55

[4] Hand, p.82.

[5] N. Gumbel, *Telling Others*, Kingsway, Eastborne, 1997.

[6] N. Gumbel, *Questions of life*, Kingsway, Eastborne, 1997:75.

[7] *Questions of life*, p. 112-113

[8] N. Gumbel, *Telling Others*, p.193

[9] *Questions of life*, p.152.

[10] *Questions*, p.53.

[11] *Questions*, p.44.

[12] *Questions*, p.19.

[13] *Questions*, p.50.

[14] *Questions*, p.46.

[15] *Questions*, p.46.

[16] *Questions*, p.53.

[17] *Questions*, p.52.

[18] *Questions*, p.21.

[19] Lewis Sperry Chafer, *Systematic Theology, Vol 4*, Dallas Seminary Press, Dallas TX, 1971, pp.432-433

[20] *Alpha News*, August 1995, pp.10-11

[21] *Questions*, p.156.

[22] *Questions*, p.156.

[23] *Questions*, p.167.

[24] *Alpha News, March 1996, p.26.*

[25] *Alpha News, December 1993, p.7.*

[26] *Alpha News, April 1994, p.9.*

[27] R Shone, *Autohypnosis: A Step-by Step Guide to Self-Hypnosis*, Thorsons, London, 1987, p.68 & p.45

[28] P Edwards & A De Saulles, *Touch Them With Love*, Element, Shaftsbury, 1994, p.32. ('n Uitstekende boek om te lees oor okkultiese en "psychic" genesing is, *The Beautiful Side of Evil*, Johanna Michaelsen, Harvets House Publisehers, 1982.)

[29] Dave Hunt, *The Cult Explosion*, Harvest House Publishers, 1980, p.36.

[30] *Telling Others*, p.19.

[31] Soos aangehaal in George Grant, *The Blood of the Moon*, Thomas Nelson Publishers, 2001, p.160.

[32] John Ankerberg & John Weldon, *The Facts on Spirit Guides*, Harvest House Publishers, 1988, p.18.

(Met waardering aan Chris Hand: *Falling Short?; The Alpha Course Examined*, Day One Publications, 1998.)

****